kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Opoffering? Waarvoor en vir wie?"

Skriflesing: 2 Timoteus 2:8-15 (1953)

8 Onthou dat Jesus Christus, uit die geslag van Dawid, uit die dode opgewek is volgens my evangelie,
9 waarin ek verdrukking ly tot die boeie toe soos 'n kwaaddoener; maar die woord van God is nie gebonde nie.
10 Daarom verdra ek alles ter wille van die uitverkorenes, sodat hulle ook die verlossing wat in Christus Jesus is, kan verkry met die ewige heerlikheid.
11 Dit is 'n betroubare woord; want as ons met Hom gesterf het, sal ons ook met Hom lewe.
12 As ons verdra, sal ons met Hom regeer. As ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën.
13 As ons ontrou is, Hy bly getrou; Hy kan Homself nie verloën nie.
14 HERINNER aan hierdie dinge en betuig voor die Here dat hulle geen woordestryd moet voer wat tot geen nut is nie, maar net tot ondergang van die hoorders.
15 Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny.

Broodjies vir die Pad

This "Word," this declaration that justice trumps everything and the insistence that this God cannot be "chained" upends every expectation. And, it uncomplicates what we had come to just assume was complicated and even esoteric. God shows up in expected places, people and ways when that works but but skips in a heartbeat to the totally unexpected when that works just as well or better. Is God just capricious? It seems more likely that God is driven. God stops at nothing to find partners in justice, whether expected or unexpected. Now that we know God's priority, ought it not be ours, too? Now that we know exactly what God wants and what also happens to be in our best interest, is it really necessary to keep making things more complicated than they have to be?

http://sacraconversazione.blogspot.com/2010/09/proper-23-year-c.html

◆◆◆

CALVINIA

moenie vrae vra
of eens bespiegel
hóé ver terug kán 'n kind onthou:

want oogpisters in die geut
neffens die koestering
van 'n oop werf se wildevy
nestel nóg
(warm soos moederliefde)
as ek laatmiddag
verby die boekehuis ry
en pennielegging om die kerk
en tiekie-aande
flits in foto's onbeperk verby

daar is name wat my vasmaak
in bloed en wéét
klipwerf en kotjieskolk
slingerfontein en matjiesvlei
die bloukopkoggelmander
wat my dophou
priem-dreigend van die platterkrans
van anderkant die drif
waar ek voëls moet verskrik
onder die soetpruimboom
se doekkombers

keelseer op die puts
en die sagte troos
van skuinskoek en gedrukte vy
die reuk van dassiepis
legendes oor oupa klaas honderd
en groot toren se louws

calvinia
is die hantam
met die ruimer vlaktes
die geiler somers
die yler winters
en lentes
wat angste uit jou hart kom ruk
en 'n herfsgety
wat jou tong laat woorde maak

jy klim steiltes teen rebunie
en hoor hoe ma nog sê

met die vloed
het die sakrivier
soos mofskaap oor die land gekom

kambro en botterblom
kaktus en turksvy
die growwe grein
van wingerdblaar
as jy korrel-korrel
steel van die prieel

met ál die geure
van melkkos en kaneel
in my geheue vasgemaak
bly dit die plek
van lewensdrif en aardse rou

daar het ek léér sien én hoor
leer bid
soos lammervanger en dassie
soos rodin se denker
op leiklip rondgesit

die wydsheid van my wêreld
het 'n horison sonder soom
dáár het vers en poësie
soos die ewigheid
binne my kom woon

http://versindaba.co.za/2013/10/02/plekgedig-52-calvinia

Brood vir die Pad

Van skeur maak, twis soek en kwaad spreek

Dirkie Smit

Kleintyd het ek my verwonder oor dié woorde. Ek kon dit skaars begryp, dié formulier wat sê almal wat "skeuring wil veroorsaak", alle "twissoekers" en almal wat "in haat en nyd teen hul naaste lewe", moet hulle onthou van die nagmaal. Dit was nogal rof, onnodig erg vir my kindergemoed – want ons het tog almal sulke twissoekers geken. Ek het wel begryp dit hoort by nagmaal. Dieselfde formulier het dit vroeër al gesê. Selfondersoek gevra, óók na elkeen se voorneme om voortaan in liefde en eensgesind te lewe. Dit was deel van nagmaal. Trouens, almal het dit geweet. Dié selfondersoek is destyds al 'n week tevore gevra, in 'n voorbereidingsdiens, om tyd te gee om oor alle twissoekery en skeurmakery na te dink en dié nuwe voorneme te vind. Sommige het die haat en nyd liewer gehad en eerder verkies om van die tafel weg te bly as voortaan in liefde te lewe. Veral met sekere naastes.

Toe ek ouer word sou ek ontdek hoe sentraal dié gedagtes is vir die Gereformeerde tradisie waarin ek deel. Die belydenisse leer dit al. Ons moet Gods wil nie skend of verag nie, maar so ver moontlik in vrede lewe, sonder murmurering, twis of tweedrag (Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 31). En die Heidelbergse Kategismus se uitleg van die negende gebod is ontroerend. Ek mag teen niemand valse getuienis aflê, niemand se woorde verdraai, nie 'n kwaadsteker of lasteraar wees nie, niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie. Lieg en bedrieg moet ek as die duiwel se eie werke vermy. Die waarheid liefhê en opreg wees in wat ek sê en bely. My naaste se eer en goeie naam na my vermoë verdedig en bevorder (Sondag 43).

Ek sou dié motiewe reeds by Calvyn ontdek. Oraloor, óók in sy pamflet oor skandale wat die kerk van sy dag bedreig, De Scandalis, soos elders, bekla hy wat beskryf kan word as binne-gevegte, valse verwyte, kwaadpraat, toedig van bose motiewe, 'n gees van skeurmakery en 'n behae aan moeilikheid maak. Sulke moeilikheidmakers is wat hom betref onbewus instrumente van die Bose, want hulle help plant 'n afsku van die evangelie in die harte van vele wat dié liefdelose spektakels aanskou. Natuurlik is debat nodig, sê hy, óók in die kerk, van eerlike en openlike waarheidsoeke durf geeneen wegskram nie. Maar nie só nie.

Vandag weet ons hoe só 'n gees, negatief, wantrouig, beledigend, in 'n samelewing kan heers, om te swyg van die anonieme virtuele blog-wêreld. Trouens, sielkundiges leer ons dat daar sulke mense is, tipes persoonlikheid. Beterweterig, veroordelend, ewig agterdogtig. Skeurmakers, twissoekers, kwaadstokers. Altyd reg in eie oog. In stryd met almal. Blind vir die skade wat hul beskuldiginge aanrig. Vir die skandaal wat hulle oor die evangelie bring. Die karikatuur wat hulle van die kerk maak. Die tragiese ontheiliging van die nagmaal. Hoe hulle Christus se liggaam – die gemeenskap – nie ag nie (1 Kor. 11:29). Deesdae verstaan ek die erns van dié woorde beter. Deesdae verwonder ek my oor sulke mense.

http://www.dieburger.com/opinie/2013-10-05-geestelike-waardes-van-skeur-maak-twis-soek-en-kwaad-spreek

Wegsending

Liefdegawes

Mededelings

Doof van die kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877